**Gespreksdokument uit Kleinmondtak** (Lidia Vorster)

## AFRIKAANS: REISIGERS NA MÔRE/OP REIS MET AFRIKAANS

As reisigers na môre moet ons dink aan die taal wat ons praat en waarin ons kommunikeer.
Paul Kruger het gesê: "wat goed en edel uit die verlede is, moet as inspirasie vir die toekoms dien."

Dr. Danie Langner, van die FAK, het in 'n artikel geskryf dat Afrikaans in 50jaar van 'n huis-, tuin- en kombuistaal tot 'n kansel-, universiteits- en ekonomiese taal ontwikkel het wat met enige ander wêreldtaal kan meeding. Dis 'n baie jong taal: is in 1925 eers as amptelike taal erken! (Is dus nog nie 100 jaar oud nie.)

Volgens die jongste sensus beklee Afrikaans die "derde plek" naas Zoeloe en Xhosa. Die stryd oor Afrikaans as tersiêre onderrigtaal woed nietemin voort. Die meeste universiteite het volledig ver-Engels. Net twee Afrikaanse universiteite het oorgebly nl. die Potchefstroomkampus van Noordwes Universiteit en die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein.

Dr. Mulder meen dat daar talle leuens oor ons taal as feite aanvaar word. Op die webtuiste van Netwerk24 lys hy, in 'n artikel op 7 April 2016, die volgende 12 leuens oor ons taal:

1. Baie min mense in Suid Afrika praat Afrikaans, daarom is dit beter om na Engels oor te skakel.

**VERKEERD**: Afrikaans het 6,8miljoen sprekers en Engels 4,8miljoen!

2. Afrikaans het nie 'n plek in Suid Afrika nie, omdat dit 'n "witmenstaal"is. (Die taal van die onderdrukker.)

**VERKEERD:** Die meerderheid Afrikaanssprekendes is nie wit nie. Van die 6,8miljoen is net 2,7miljoen wit en bruin is 3,4miljioen. (Dus: swart is 9%, wit 40% en bruin 50% van die Afrikaanssprekendes.)

3. Omdat Afrikaans, sogenaamd die taal van die onderdrukker was, is dit beter om Afrikaans af te skaf en na Engels oor te skakel.

**VERKEERD:** Engels is die taal waarin die wreedste slawehandel en koloniale uitbuiting in Suid Afrika plaasgevind het. Nazi-geskiedenis is in Duitsland gepleeg, tog word Engels en Duits nie vir hul verlede gestraf nie.

4. Afrikaans hoort nie in Afrika nie, want dit is nie 'n inheemse taal nie.

**VERKEERD:** Afrikaans se wortels is Westers, maar met sterk invloede van Asië (Maleisië) en Afrika. Dit word nêrens anders in die wêreld gepraat nie. Hoe kan dit dan nie 'n inheemse taal wees nie?

5. Vir die oorlewing van oorwegend Afrikaanse universiteite is dit beter dat alle uiniversiteite Engels word, want Afrikaans het 'n kwynende mark.

**VERKEERD:** Volgens die SAOU het 54,000 wit, bruin en swart Afrikaanssprekendes in 2011 matriek geskryf en 36,000 het universiteitstoelating gekry waarvan 29,000 by 'n universiteit ingeskryf het.

6. Afrikaans is nie tegnies genoeg as 'n akademiese taal ontwikkel nie.

**VERKEERD**: Net **5** tale het in die 20ste eeu tot op die hoogste vlak ontwikkel, naamlik, Hebreeus, Katalaans, Indonesies, Hindi en Afrikaans. Daar is 450 vakwoordeboeke en terminologielyste in

Afrikaans ontwikkel bv. die mediese-, rekenaars-, ruimte- en ander velde. Afrikaans word ook buitelands by 5 universiteite aangebied nl. Nederland, Pole, Rusland, Amerika en België.

7. Engels is 'n internasionale taal..... daarom is dit dom om deur Afrikaans te wil studeer.

**VERKEERD:** Let Wel: Navorsing het bewys dat onderrig, deur middel van jou moedertaal, altyd die beste is! Sjinese praat Sjinees en die Duitsers praat Duits tog is die Duitse ekonomie die sterkste in Europa en min Sjinese verstaan Engels, tog is hul wetenskaplik ver voor baie lande. In België en Nederland verstaan baie mense Afrikaans.

8. Die voorstanders van Afrilkaans is anti-Engels.

**VERKEERD:** Engels is belangrik en maak baie deure oop - veral internasionaal. Daarom behoort Engels as vak ook deur studente op Universiteit geneem te word. Baie studente, wat Afrikaans studeer het, vaar oorsee baie goed. Moeilike begrippe word beter deur moedertaal aangeleer.

9. Om Afrikaans, as onderrigtaal, by 'n universiteit te gebruik, is teen die grondwet.

**VERKEERD:** Volgens Artikel 29(2) van die grondwet: "Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings, onderwys te ontvang in die amptelike taal van eie keuse waar daardie onderwys redelik doenlik is. Ten einde hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe - met inbegrip van enkelmedium oorweeg."

10. 'n Taal kan nie tot niet gaan nie.

**VERKEERD:** Baie tale het reeds uitgesterf. Tans is daar 1,500 tale met minder as 1,000 mense wat dit praat, op die rand van uitsterwing. Afrikaans is 'n Germaanse taal. Van die 22 Germaanse tale het 10 reeds verdwyn.

11. Solank 'n taal nog gepraat word, kan dit nie tot niet gaan nie.

**VERKEERD:** Let Wel: As 'n taal nie meer in die hof, in die parlement, in die skool, in die kerk, in die universiteite en in die ekonomie gepraat word nie, verloor dit status. Prokureurs, dokters, tandartse, boere en Afrikaanse onderwysers sal nie meer hul kennis kan oordra nie. Daar sal min aansporing vir ouers wees om hulle kinders in Afrikaans groot te maak.

12. Afrikaans sluit uit en gee aanstoot.

**VERKEERD:** Moenie enkele gevalle veralgemeen en op Afrikaanssprekendes van toepassing maak nie.

## SAL AFRIKAANS UITSTERF?

Nie solank daar 'n redelike aantal moedertaalsprekers in Suid Afrika, Namibië en selfs Zimbabwe is nie. Die gevaar is egter dat die Afrikaans, wat behoue gaan bly, sy hoër funksies geheel en al sal verloor en verval tot 'n taaltjie wat slegs sal deug vir sosiale verkeer, populêre liedjies, skraal ontspanningslektuur en jolyt op kunsfeeste.

**DAAR IS EGTER GEVAARTEKENS OM IN AANMERKING TE NEEM:**

1. Luister 'n slag hoe Afrikaans by sosiale geleenthede gepraat word met Engelse woorde soos "awesome, actually, never mind, great, game, die ref, challenges" ens. Ons Afrikaanse populêre musiek is van ellendige kulturele waarde (baby chocolates, my darling, ek like jou ens,)

2. Standaard Afrikaans word deesdae afgeskaal deurdat veral advertensies taalkundig swak versorg word.

3. Die owerheid plaas ook alhoemeer druk op skole om te ver-Engels of om dubbel- of enkelmedium skole te word en wat sodoende net die ver-Engelsing proses uitstel.

4. Daar is nog uitstaande Afrikaanse ontspanningslektuur maar minder versorgde tekste kom al hoe meer voor. Dit is asof jong redakteurs nie meer van beter weet nie.

5. Die taalgebruik van glanspersone, tydens onderhoude wat by kunstefeeste gehou word, skep 'n droewige prentjie.

6. Wat opvoerings betref. Hoe lank nog sal die uitstekende Shakespearvertalings van vroeër en die dramas van die N.P. van Wyk Louws en D.J. Oppermans nog op kunstefeeste verstaanbaar wees en nog aftrek kry?

7. Afrikaans word al hoe minder as onderrigtaal by skole en tersiêre inrigtings gebruik. Die studiemateriaal en handboeke word minder. Dit beteken olie op die vuur vir die voortbestaan van Afrikaans en dui op ver-Engelsing van universiteite en skole. Tog is daar Engelsmedium hoërskole wat Afrikaans as vak aanbied.

**HOE KAN ONS AANDEEL DIE PAD VORENTOE MINDER GLIBBERIG EN GEVAARLIK MAAK?**

1. Die dood is klaar in die pad en dit sal nie meer help om standaard Afrikaans op kampusse van tersiêre inrigtings te behou nie. In die verlede het geld van Afrikaners, wat die instansies tot stand gebring het, universiteite laat groei en bloei. Ons dink aan die Jan S. Marais-fonds.

2. Solidariteit het reeds begin met die stigting van 'n Akademiese- en Tegniese Instelling. Baie donateurs onttrek nou hul skenkings aan bestaande instellings. Ons dink aan die sukses in die verlede met die skenkings van SANLAM, SANTAM, Nasionale Pers, PSG-groepe en wyle VOLKSKAS. En as dit in die 20ste eeu, in die nadraai van die Anglo-Boere-oorlog, twee wêreldoorloë en die Groot Depressie ens. gedoen kon word, kan dit in die 21ste eeu ook weer gedoen word.

3. Afrikaans se voortbestaan is in die hande van die jeug. Doen moeite om die taal te leer ken: woorde, uitdrukkings, idiome, norme sodat jy nie altyd die eerste die beste woord gebruik nie. Gebruik naslaanbronne soos die nuwe HAT.

4. Afstandonderrig kan in Afrikaans gevolg word.

5. Maak seker dat Afrikaansmedium kinders na Afrikaansmedium skole gaan.

6. Behou Afrikaans as wetenskaptaal.

7. Behou Afrikaans as publikasietaal – publiseer koerante, tydskrifte, boeke en wetenskapartikels.

8. Hou vol om Afrikaans in al sy funksies te gebruik: by die huis, by die werksplek (Afrikaans is 'n ekonomiese bate), by die kerk, in die howe, daar waar ons ontspan. Ons durf nie toelaat dat een funksie verlore gaan nie. Onthou: as ons op onderwysvlak verloor, begin die taal te kwyn - onderwys is die skakel tussen alle funksies.

9. Ons moet die volle verskeidenheid van Afrikaans erken. Ons het standaard- en nie standaardvariëteite en die een is nie noodwendig beter as die ander een nie.

10. Ons moet Afrikaans ondersteun waar ons kan. Koop Afrikaanse boeke, koerante en tydskrifte; luister Afrikaanse musiek; woon Afrikaanse kunstefeeste by. Kom ons gee ons geld vir Afrikaans en help 'n mark vir Afrikaans en sy produkte skep.

11. Raak betrokke by Afrikaanse projekte. As jy nie tyd het nie, gee dan jou geld. Ons het fondse nodig om Afrikaanse kinders te laat studeer sodat hulle op hulle beurt die ekonomie kan stimuleer deur hulle vaardighede.

12. Ons moet trots wees op ons taal, maar moet ook beleef wees tenoor die sprekers van ander tale.

13. Ons moet werk en geleenthede in Afrikaans skep soos byvoorbeeld die volgende projek:

- Op KWêLA het twee dames **Afrikaans.com** se twee groot projekte bekend gestel:

1. "Projek Droom Groot" wat by belangstellende skole gedoen word. Twee kunstenaars verf 'n muurskildery in helder kleure. Skoliere kan dan voor die skildery optree deur in Afrikaans voor te dra, te sing of te dans.

2. "Projek"

(a): op die webtuiste **Afrikaans.com** word leerprogramme, studiemetodes, inligting, tuisonderrig en leerprogramme vir Tweede taal leerders verskaf.

(b) Die missie vir **Afrikaans.com** is daarop gemik om die diversiteit en skoonheid van Afrikaans te vier en te verken. Feeste, optredes en projekte word bemark sodat persone kan ontspan, beleef, deel met musiek, boeke, kos en webkatalogus met bakens om jou soektog deur die Afrikaanse landskap te vergemaklik.

Die **Afrikaans.com** handelsmerk kan deur die volgende woorde beskryf word:
Vier, Verken, Vermaak, Opvoed, Bemagtig.

Die veldtog vir **Afrikaans.com** word deur Dagbreek Trust gefinansier. Besoek die webtuiste en "face book."

**KOM ONS DINK OOR DIE VOGENDE:**

1. Is dit deel van ouers se primêre opvoedingstaak om hulle taal suiwer voor hulle kinders te besig?
2. Wat dan in die geval waar pa Afrikaans- en ma 'n Engelsprekende is?
3. Hoe voel julle oor Afrikaanse privaatskole?
4. Hoe voel julle oor liedjieskrywers wat hulle liedjies met Engels deurspek?
5. Speel respek 'n rol in die gebruik van 'n taal?

**HOERA!!! VIR AFRIKAANS EN ONS REIS NA MôRE!!!!!**